MIKRO

WERK EN SKEP

Week 10
Wiskunde
Donderdag 25 Junie 2020

Graad 5

Laerskool Mikro Kopiereg ©

OPTELLING EN AFTREKKING

1. 9 156 + 41 = _____
2. 5 194 + 306 = _____
3. 2 173 + 745 = _____
4. 51 671 - 2 455 = _____
5. 9 253 + 25 467 = _____
6. 4 834 - 726 = _____
7. 198 + 266 - 28 + 74 = _____
8. 365 + 36 - 220 + 73 = _____
9. (343 - 91) + (309 + 125) = _____
10. 449 + (554 - 120 - 110) = _____

Los die volgende probleme op.

Onthou by woordprobleme moet jy altyd eers ‘n getallesin skryf en daarna moet jy die oplossing vind. Geniet dit!

1. Sandra het eenhonderd agt-en-sestig lekkers. Haar broer gee vir haar nog drie-en-dertig. Hoeveel lekkers het sy altesaam?

2. ‘n Verkoopsman verdien R34 328 gedurende November. Gedurende Desember het die bedrag vermeerder na R47 435. Hoeveel meer geld het hy in Desember as in November verdien?

3. Muriel het seweduisend eenhonderd drie-en-sestig koerante gehad om af te lewer. Nadat sy in twee strate afgelewer het, het sy drieduisend vier-en-vyftig oor. Hoeveel koerante het sy afgelewer?

4. Plaaswerkers het 16 589 pere in die oggend gepluk. Na middagete het hulle nog gepluk. Aan die einde van die dag het hulle 42 345 pere gepluk. Hoeveel pere het hulle na middagete gepluk?

5. ‘n Boer verkoop vrugte aan ‘n aantal winkels in sy stad. Hy het 13 789 pere, 35 278 appels en 24 678 lemoene in een maand verkoop. Hoeveel vrugte het hy in die maand verkoop?

6. Linda skryf ‘n getal wat sesduisend vierhonderd en nege meer as twintigduisend tweehonderd en vyf is. Watter getal het sy geskryf?

7. ‘n Kwekery verkoop 8 563 rose en 48 742 plante en 968 boompies. Wat is die totaal vir die maand wat verkoop is?

8. John moet ‘n afstand van 1 834 km van Kaapstad na Swakopmund in Namibië reis. Op die eerste dag reis hy 671 km, op die tweede dag reis hy 729 km en hy bereik Swakopmund op die derde dag. Watter afstand reis hy op die derde dag?

9. Sally verkoop blomme. Vandag het sy 8 403 blomme verkoop en gister het sy 12 364 blomme verkoop.

   a) Hoeveel blomme het sy altesame verkoop?
   b) Hoeveel meer blomme het sy gister as vandag verkoop?

Memorandum

OPTELLING EN AFTREKKING

1. 9 156 + 41 = **9 197**

2. 5 194 + 306 = **5 500**

3. 2 173 + 745 = **2 918**

4. 51 671 - 2 455 = **49 216**

5. 9 253 + 25 467 = **34 720**

6. 4 834 - 726 = **4 108**

7. 198 + 266 - 28 + 74 = **510**

8. 365 + 36 - 220 + 73 = **254**

9. (343 - 91) + (309 + 125) = **686**

10. 449 + (554 - 120 - 110) = **773**

Woordsomme:

1. 168 + 33 = 201 lekkers

2. R47 435 – R34 328 = R13 107

3. 7 163 - 3 054 = 4 109 koerante

4. 16 589 + ? = 42 345 dus 42 345 - 16 589 = 25 756 pere

5. 13 789 + 35 278 + 24 678 = 73 745 vrugte

6. 20 205 + 6 409 = 26 614

7. 8 563 + 48 742 + 968 = 58 273

8. 1 834 – (671 + 729) = ? dus 1 834 - 1 400 = 434 km

9. a) 8 403 + 12 364 = 20 767 blomme

b) 12 364 - 8 403 = 3 961 blomme